# HOOFSTUK 1

# DOEL EN PROBLEEM VAN STUDIE

## 1. DOEL EN PROBLEEM VAN STUDIE

### 1.1 INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse werksmag bestaan uit duisende werkers wat totaal ongeletterd of funksioneel-ongeletterd is. Ongeletterdheid is in Suid-Afrika een van die grootste tekortkominge onder die agtergeblewenes soos dit nou algaande bewys word deur die verpligte vaardigheidsoudits wat in fabrieke , industrieë en ondernemings gedoen word. Vaardigheidsontwikkeling in die werkplek is ook vanaf 2000 wetlik verpligtend (Skills Development Act No 97 of 1998) en daarom is dit van groot belang dat geletterdheidsprogramme effektief moet wees en dus maksimumresultate in minimumtyd moet kan lewer. Die Suid-Afrikaanse minister van onderwys sê: "No adult South African citizen should be illiterate in the 21st century, but millions will be unless we mobilise a social movement to bring reading, writing and numeracy to those who do not have it" (Barth, *et al*, 1999:1).

Sedert 1995 het die Suid-Afrikaanse regering en verskeie nie-regeringsorganisasies daadwerklik pogings aangewend om hierdie ongeletterde groepe te onderrig in basiese lees, skryf en rekenvaardighede. Alhoewel Suid-Afrika nog in die fase is waar hy eers sal moet poog om die ongeletterdheid onder sy volwassenenes aan te spreek deur middel van leer- en onderrigprogramme,is volwassene leer 'n tendens wat hedendaags wêreldwyd toeneem.

Volgens Bowden en Merritt (1995), asook Seaman en Fellenz (1989) het die getal volwassene leerders wat tans deelneem aan formele onderrigprogramme deur tradisioneel kollege-leerprogramme, betekenisvol toegeneem. Volwassene leerders wat 25 jaar en ouer is, vorm tans 40% van die voorgraadse studente aan kolleges en universiteite in die VSA (Kasworm & Pike, 1994). Hierdie konsep staan bekend as andragogiek en is deur Knowles (1980) gedefinieer as die kuns en wetenskap om volwassenes te help leer.

As die huidige Suid-Afrikaanse situasie egter met hierdie wêreldlande vergelyk word, word gevind dat die verskil daarin geleë is dat hierdie lande se volwassenes reeds ver gevorderd is wat betref geletterdheid, terwyl Suid-Afrika 'n enorme groep mense het, na beraming ± 10 miljoen, wat nie kan lees of skryf nie. Die doelwit van ABET (Adult Basic Education and Training), tans in Suid-Afrika, is om alle ongeletterde volwassenenes te begelei tot ABET-vlak 4 wat gelykstaande aan graad 12 in die hoofstroomonderwys is.

In die opleiding van ongeletterde volwassene leerders het opleiers besef dat een van die groot probleme wat ondervind word, die onvermoë van die leerders is om korrek te skryf ten opsigte van die uitvoering van letters. Hulle vertoon aanvanklik baie ongekoördineerd en ervaar baie spierspanning met die skryf van letters. Dit het die vraag laat ontstaan of die feit dat hierdie volwassene leerders, wat nie soos kleuters blootgestel was aan basiese kleinspierontwikkeling van die hande nie, 'n agterstand ervaar wat nou na vore kom waar hulle vir die eerste keer leer skryf. Die noodsaaklikheid van kleinspierontwikkeling by die kleuter is 'n welbekende feit. Volgens Gallahue en Ozmun (1995) moet die basiese patrone vir skryf reeds van 6- tot 12-jarige ouderdom ontwikkel word. Kephart (1971) bevestig ook dat die kind se oog-handkoördinasie vir kleinspieraktiwiteite reeds op 6-jarige ouderdom ontwikkel moet word. Volgens Pienaar (1993) is dit reeds gedurende die junior primêre fase van skool dat baie aandag behoort gegee te word aan die ontwikkeling van die fundamentele vaardighede van die kind se beweging. Dit vorm dus die basis waarop meer komplekse vaardighede soos ingewikkelde speletjies, dans en gimnastiekaktiwiteite gebou moet word. 'n Kind wat oor 'n swak bewegingsbasis beskik, sal moeilik werklik meer komplekse bewegingspatrone effektief kan aanleer. Hierdie neuro-muskulêre vaardighede vorm weer die basiese boustene vir die bemeestering van 'n verskeidenheid sake soos skryf, skilder, die bespeel van 'n instrument en die gooi van 'n bal.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Die skryfvaardigheid is 'n baie komplekse vaardigheid om aan te leer, en die opleiers van ongeletterde ABET-leerders besef dat hierdie volwassene leerders 'n agterstand ervaar omdat hulle nooit blootgestel was aan 'n kleinspier-ontwikkelingsprogram soos

die meeste normale kleuters nie. Spamer (1999) het reeds in 'n loodsstudie vasgestel dat die ongeletterde ABET-leerder motories swak presteer ten opsigte van kleinspier-aktiwiteite in vergeleke met jeugleerders. Literatuur lewer afdoende bewyse dat motoriese ontwikkeling 'n voorvereiste is vir die ontwikkeling van groot- en kleinspiervaardighede.

Die navorser het bevind dat dit die gemiddelde ongeletterde ABET-leerder minstens twee tot drie jaar neem om die skryfvaardigheid aan te leer en te bemeester. Die meeste van die bestaande opleidingsprogramme vir ABET-vlak 1 is egter ontoereikend vir ongeletterde volwassenes omdat die meeste programme alreeds 'n mate van skryfvaardigheid by die leerder voorveronderstel. Daar bestaan dus 'n groot leemte betreffende fynmotoriese vaardigheidsontwikkeling by die huidige ABET-programme vir aanvangsonderwys van volwassenes.

Die vrae wat dus ontstaan, is:

- Watter effek sal 'n kleinspier-ontwikkelingsprogram op die vingervaardigheid van ongeletterde ABET-leerders, wat nie die nodige motoriese- en fynmotoriese ontwikkelingsproramme gedurende hul kinderjare ontvang het nie, hê?
- Moet 'n kleinspier-ontwikkelingsprogram vir die ontwikkeling van fynmotoriese vaardigheid in die ABET-geletterdheidsprogram geïntegreer kan word en watter komponente moet dit insluit?

## 1.3 DOEL VAN STUDIE

Met die aanbied van ABET-klasse aan ongeletterde volwassene leerders in die Potchefstroom omgewing is tot die gevolgtrekking gekom dat die leerders se fynmotoriese vaardigheid nie op standaard is nie. Aanvangs-ABET-programme sluit om te leer skryf onder andere in. Indien die volwassene leerder as jong kind nie die nodige fynmotoriese vaardighede ontwikkel het nie, is die vraag:

Indien hulle spesiale oefeninge vir die ontwikkeling van fynmotoriese vaardighede ontvang, sal dit hulle koördinasie, soepelheid, reaksietyd en ander motoriese vermoëns verbeter en indien wel, in watter mate? 'n Antwoord op hierdie vraag kan 'n wesenlike rol speel by die samestelling van toekomstige ABET-programme.

Uit die probleemstelling hierbo geskets, vloei die doelwitte van die ondersoek voort, naamlik:

- die daarstelling van 'n literatuurstudie oor relevante aspekte van volwassene basiese onderwys en motoriese- en fynmotoriese vermoëns van die ABET-leerder;
- die bepaling van die effek van 'n kleinspier-ontwikkelingsprogram op die motoriese vermoëns van ABET-leerders.
- die daarstelling van riglyne vir 'n kleinspier-ontwikkelingsprogram vir die ontwikkeling van fynmotoriese vaardigheid van ABET-leerders.

## 1.4 HIPOTESE

- ABET-leerders het nie 'n agterstand in kleinspiervaardigheid wat belangrik is vir die aanleer van die skryfvaardigheid nie.
- Bestaande ABET-programme maak nie voorsiening vir die ontwikkeling van die fynmotoriese vaardigheid van die ABET-leerder nie.

## 1.5 METODE VAN ONDERSOEK

### 1.5.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie is gedoen om hierdie studie 'n teoretiese verwysingsraamwerk te gee waarvandaan daar gewerk en waarna daar verwys kan word. Die twee terreine waarop daar gefokus is, is enersyds die volwassene leerder, basiese onderwys en geletterdheid en andersyds die motoriese en fynmotoriese vermoëns van die jeug- en volwassene leerder. Hoofstuk 2 bevat hierdie literatuurstudie.

Beskikbare, resente en relevante gedrukte en elektroniese bronne, vakkundige tydskrifte, wetenskaplike publikasies en ensiklopedieë, sowel as toepaslike wette word bestudeer om die nodige inligting te bekom. Van die bronne wat in die studie aangehaal is, mag daar enkeles wees wat 'n ou datum het, maar die vakkundige inligting wat daaruit bekom is, voeg beslis waarde toe tot die studie.

Sekere aspekte van die ABET-leerder soos ongeletterdheid is ook met ander lande vergelyk om die Suid-Afrikaanse situasie in konteks met die wêreld te plaas. Geen

studie kan aangepak word sonder om die agtergrond en die bespreking rondom die studie te evalueer nie; daarom is die agtergrond in hierdie literatuurstudie geskep sodat die ABET-leerder en sy fynmotoriese vermoëns in perspektief gesien kan word.

### 1.5.2 Empiriese Ondersoek

⇒ **Proefpersone**

Die proefgroep wat vir hierdie ondersoek gebruik is, is afkomstig uit twee ABET-skole van Potchefstroom (N=30) in die Noordwes provinsie, naamlik 'n groep van die Weermagbasis in Potchefstroom en 'n groep huishulpwerkers. Die kontrolegroep (N=32) is geselekteer uit 'n ABET-skool wat deur Anglo Gold bedryf word. Beide groepe was ongeletterd en is gedurende 'n voortoets en die natoets onderwerp aan 'n toetsbattery wat die fynmotoriese vermoëns meet. Die Bruininks-Oseretsky toetsbattery (1978) toets normaalweg drie hoofkomponente, naamlik grootspier-motoriese vermoëns, groot- en kleinspier- motoriese vermoëns en fynmotoriese vermoëns. Daar is in dié studie slegs op die fynmotoriese vemoëns gekonsentreer, aangesien die doel van die ondersoek was om te bepaal wat die effek van 'n ontwikkelingsprogram op die fynmotoriese vaardigheid van die ABET-leerders is. Na die aanvanklike voortoets het die proefgroep 'n ontwikkelingsprogram van sewe maande gevolg, wat bestaan het uit fynmotoriese aktiwiteite. Die proefpersone se ouderdomme het volgens hulle identiteitsdokumente gewissel tussen 20 en 64. Die gemiddelde ouderdom vir die proefgroep was ongeveer 40 jaar.

⇒ **Kleinspier-ontwikkelingsprogram**

Vir die fynmotoriese ontwikkeling vir ongeletterde ABET-leerders in die proefgroep is 'n kleinspier-ontwikkelingsprogram opgestel wat die kleinspiere van die voorkeurhand /skryfhand versterk, die vingergewrigte en polsgewrig meer soepel maak, asook die oog-hand koördinasie en reaksiespoed van die skryfhand bevorder. Die kernoefeninge waaruit die kleinspier-ontwikkelingsprogram bestaan, kan in twee groepe verdeel word, naamlik: *vingeroefeninge sònder die gebruik van apparaat,* onder andere vingermassering en oefeninge wat 'n hoër mate van koördinasie en waarnemingsvermoë verg. Die tweede groep is *vingeroefeninge mèt die gebruik van*

*apparaat* soos die druk van 'n tennisbal, die perforering van papier met 'n kopspeld, tolletjiebrei, vingerbordoefeninge en kaartspel.

Slegs 'n halfuur voor die aanvang van elke ABET-les is vir die vingeroefeninge gebruik. Die ABET-lesse was 2-uursessies, twee keer per week in die namiddae. Sommige oefeninge waar die hele groep gelyktydig aktief kan wees, is by elke les gedoen as standaardpraktyk. Die ander oefeninge, waar net een, twee of vier op 'n slag kan oefen, soos met die vingerborde is afgewissel en slegs by een uit elke vier lesse gedoen. Die oefeninge is oor 'n tydperk van 108 lesure (7 maande) volgehou. Elke proefpersoon kon dus maksimaal 27 ure se formele, gekontroleerde vingeroefeninge voor die aanvang van die onderrig doen.

⇒ **Toetsbattery**

Die Bruininks-Oseretsky-toets vir fynmotoriese (*fine motor*) vermoëns is gebruik (Bruininks, 1978). Die toets onderskei tussen drie komponente, naamlik responsspoed, visueel-motoriese beheer, en spoed en behendigheid van boonste ledemate. 'n Totaal van 17 toetse word gebruik (sien hoofstuk 3). Die doel van hierdie toetsbattery is om die effektiewe motoriese funksionering van kinders tussen 4½ jaar en 14½ jaar te bepaal. Normaalweg word die toets gebruik om kinders tussen gemelde ouderdomme te toets om hul vlak van motoriese gereedheid te bepaal. Die doel van hierdie ondersoek was om te evalueer wat die effek van 'n kleinspier-ontwikkelingsprogram op die motoriese vermoëns op ABET-leerders is.

⇒ **Data-analise**

Die resultate van die Bruininks-Oseretsky-toets op die fynmotoriese vaardigheid van die proef- en kontrolegroep in die voor- en natoets, word in hoofstuk vier geanaliseer. Die effek van die kleinspier-ontwikkelingsprogram op die fynmotoriese vaardigheid van die proefgroep word bepaal deur die data met mekaar te vergelyk en word in hoofstuk vyf bespreek.

## 1.6 BEGRIPSOMSKRYWING

Hierdie studie is op die fynmotoriese vaardighede van die ABET-leerder gerig. Vervolgens dan 'n omskrywing van die akroniem, ABET en betrokke terme.

⇒ **ABET**

Adult Basic Education and Training, is die Volwassene Basiese Onderrig en Opleiding wat op die ongeletterde-, en die funksioneel-ongeletterde volwassene leerder gerig is.

⇒ **Volwassene**

Die term, volwassene leerder, kan ook deur verskillende kriteria beskryf word, en verskil van gemeenskap tot gemeenskap (Titmus, 1994):

- 'n volwassene kan gedefinieer word in terme van ouderdom, byvoorbeeld 21 of 18 jaar (kultureel)
- 'n persoon kan as 'n volwassene geklassifiseer word in terme van sy vermoë om sy verskillende rolle te vervul, byvoorbeeld sy politieke-, of sosiale rol.

In Suid-Afrika, volgens die ABET-wet (52 van 2000), word 'n mens as volwassene bestempel as hy 16 jaar en ouer is.

⇒ **ABET-leerder**

Die ABET-leerder word in Suid-Afrika enersyds as 'n *benadeelde* volwassene gesien wat nie die opvoeding en opleiding geniet het om gelyke geleenthede soos werk, sosiale aanvaarding en menseregte te hê nie en meestal die gevolg is van 'n sisteem of politieke beleid. Andersyds word ABET-leerder as 'n *agtergeblewene* beskou wat ook nie die opvoeding en opleiding as skoolpligtige geniet het nie, maar as gevolg van persoonlike omstandighede soos ver afstande van die skool, jeugswangerskap of skoolverlating die onderrig misgeloop het. Benadeelde of agtergeblewe volwassenes wat ouer as 16 is, het die reg op gratis onderwys tot en met ABET-vlak 4, naamlik die ABET-onderwys wat deur die Suid-Afrikaanse regering befonds word in die sogenaamde PALC's (Public Adult Learning Centres).

Die basiese vaardighede soos fynmotoriese vaardighede wat belangrik is vir die ontwikkeling van skryfvaardigheid is dus nie deur die ABET-leerder as kind ontwikkel nie, en moet dit as volwassene probeer inhaal.